13. Administratiewe Buro – Diensburo en Finansies

13.6 AANVULLENDE RAPPORT 6: BESTUUR VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO AAN DIE LEDE VAN DIE ADMINISTRATIEWE BURO – WYSIGING VAN REGLEMENT

1. Sake waarvan die Ledevergadering kennis neem

Artikel 10.1 van die Reglement moet in ooreenstemming met die besluit van die Ledevergadering 2012:56, 13.3 (besluit ten opsigte van 1.1), gewysig word. Voorts het die Bestuur die Reglement in sy huidige vorm, artikel vir artikel, deurgewerk en hou ons die volgende Hersiene Reglement aan die Ledevergadering voor vir oorweging en goedkeuring:

Nota:

1. Voorgestelde nuwe bewoording/herformulering verskyn in **bold**.
2. Voorgestelde skrappings/weglatings is deurgehaal. (~~abc~~)
3. Motivering(s) daarvoor word by elke voorgestelde wysiging/skrapping tussen hakies en *kursief* gedruk, aangebring.
4. Met die aanwys van lede van die Bestuur (art 5.3.1) en twee onafhanklike lede van die Ouditkomitee (art 5.3.2), is dit nodig dat die Algemene Sinode daarvoor in Ledevergadering gaan.

2. Sake waaroor die Ledevergadering besluit

Die volgende word na punt 11 ingevoeg, en die nummering pas daarvolgens aan:

12. DEPUTATE SUSTENTASIE

12.1 Die ledevergadering wys, tydens die Algemene Sinode, die Bestuur van die Administratiewe Buro aan (vgl 5.3.1), om, in die uitvoering van Sinode-opdragte, die doelstellings van die GKSA Sustentasiefonds na te kom en aan die vereistes van die betrokke Reglement te voldoen.

12.2 Samestelling van Deputate

12.2.1 Die Bestuur van die Administratiewe Buro wys na elke Sinode 3 (drie) kundiges uit eie geledere aan om saam met 1 (een) afgevaardigde van elke Streeksinode as Deputate vir die Fonds te dien.

12.2.2 Die Deputate wys uit eie geledere 'n Dagbestuur aan.

12.2.3 Personeel van die Administratiewe Buro dien ampshalwe op die Deputate.

Besluit:

Rapporteur: Ds CA Jansen.